Nuusbrief van die Houtwerkvereniging van Pretoria

# Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

**Julie** **1999** **July**

There seems to be a growing demand for woodworking and other tools and accessories, if the hardware outlets at various superstores, are any indication.

I've had reason to visit a few the last couple of weeks and it occurred to me that the quantity and variety of their stock have increased – hand tools, power tools and even smaller machines. I am, however, not so sure that there has been a corresponding overall improvement in quality - well known brand names excluded.

The vagaries of mass production are also much in evidence; rough edges, misaligned jaws, blotchy paint work etc. Unfortunately this also reflects on general woodworking tools, at least as far as the more unknown and cheaper brands are concerned. It seems as if they are targeting the uninitiated; squares are are not square, folding rulers have indicating lines as wide as pencils, chisels seem to shout out: "I will not keep an edge".

I mention this because inferior tools can force a potential woodworker to abscond to the ranks of the potters.

The problem is that the uninitiated are, well, uninitiated. Maybe they do not know the difference between quality tools and the cheaper one's, and therefore they have not experienced the joy of working with good and sharp tools. This is where organizations, such as ours, can play an important role by providing potential 'converts' with sound advice on buying 'sound' tools. I realize that we all have our preferences as far as the various brands are concerned., but our task should be to advise rather than prescribe. The decision should be the choice of the individual.

I was fortunate in that I had the advice of an old craftsman back in the sixties when the woodworking bug seriously bit me. He was the carpenter of the unit I was stationed at in Oudtshoorn. His advice was straightforward: "*Buy the best you can afford, and if you can't afford it, save until you can.*" There was however one small problem; I wasn't sure what 'the best' was.

He offered to accompany me to the local hardware shop, which had a very good selection of imported hand tools. That Saturday morning I was not only initiated into the wonderful world of Ridgeway, Stanley, Marples, Record, Spears and Jackson, and others that I can't remember, but also in what was quality and what not. Yes!Price definitely came into the picture– the better tools where more expensive – you paid for quality. I still have and use the Spears and Jackson rip saw,

Marples chisels and the hammer that I bought that morning. Me thinks one should over capitalize on tools.

In England consumers, including woodworkers, are up in arms at the big difference in price between American and British products– the same make and model can be purchased in, or from, the USA for up to 45% less than in the UK.

On the other hand I read with great interest a remark in one of the British woodworking magazines to the effect that the quality of a number of the so-called cheaper Eastern-made tools have drastically improved.

Who said that buying tools was uncomplicated?

## Ou Kollegas

So 'n klompie dae terug is ek aangenaam verras toe Sam Vermaak my daar uit Bethal se wêreld skakel. Sam en drie ander manne van Bethal was voorheen aktiewe lede van ons vereniging gewees en het gereeld die pad aangedurf om ons maandelikse byeenkomste by te woon. So 'n jaar of wat terug het hulle hulle eie vereniging gestig as gevolg van groter plaaslike belangstelling.

Sam verwittig dat dit met hulle goed gaan en dat hulle tans 'n ledetal van 20 het. Hulle vergader maandeliks in 'n plaaslike hardeware winkel.

Omdat baie van die lede nog beginners is, het Sam-hulle besluit om van tyd-tot-tyd op Saterdae werkswinkels by van die lede se huise te reël. Verskeie basiese tegnieke en prosedures word gedemonstreer en geoefen. Kobus de Wijn het ook al twee keer vir hulle kom kuier. Ek glo dat die sessies op gepaste wyse afgesluit word – dis mos daar waar al die geheimenisse verklap word.

Die belangstelling is groot en die manne ywerig, vertel Sam. Hulle kla, nes ons, oor die pryse van hout en gereedskap. Aan die positiewe kant is daar blykbaar 'n groot behoefte na die vaardighede van houtwerkers in Bethal.

Dankie Sam vir die inligting, groete aan die bekendes en ons wens julle alle sterkte toe. Eendag kom ons weer kuier.

# 'n Skepding of Twee

[Verslag deur Jack Munting]

Met die laaste draaiersbyeenkoms by Eldoraigne Hoërskool het die koue sy tol geëis en was ons maar net agt lede.Die oefening vir die aand was 'n skepding(scoop) en verskeie en interessante eindprodukte was voorgehou.

Almal het geleentheid gekry om die tegniek wat hulle gebruik het te verduidelik en die besprekings wat hieruit gevolg het was baie interessant en leersaam. So byvoorbeeld sou die skoppie met dun wande 'n mooi vertoonstuk wees, maar onprakties vir gebruik.

Daar moet natuurlik ook mee rekening gehou word met die grote van die houer anders pas die skoppie dalk nie. Dit is ook moontlik om dit vir 'n spesifieke maat eenheid te draai.

Almal het die uithol begin deur eers 'n gat te boor of te skraap en daarna met 'n guts en skraper verder uit te hol. 'n Goeie wenk was om die gat te boor tot op die diepte wat uitgehol moet word. Skraap tegnieke is ook bespreek.

Leon experienced some difficulty with deep hollowing silky oak and brought a piece along for someone to demonstrate how to do it. It was mounted on a Nova chuck and At proceded to demonstrate how it is done by using sharp tools and light cuts.

We also tried to identify the various timbers used and it was amazing how different the same wood can look depending on its age and the finish applied(always of course assuming that the initial identification made was correct). On some woods there was complete agreement but on others not. I for one like to be sure of the kind of timber I use and will not usually turn something from an unknown wood.

Die probleem is natuurlik dat dit nie altyd maklik is om die houtsoort uit te ken nie as dit eenmaal gedroog is en daar ook nie blare of sade vir uitkenning beskikbaar is nie.

The project for July is turning a natural edge, and At quickly managed to explain the technique used, as by now, my feet were frozen solid.

**Program Vorentoe**

| | |
|---|---|
| Aug: | Finial Ring Box – Roger |
| Sep: | Project from a given plan |
| Oct: | Serviet rings – 3 or more |
| Nov: | Off-centre project |

Venue remains the same. Bring own refreshments– a flask of nice hot coffee is recommended

Soos die gewoonte is, sal die beoordeling deur al die aanwesige lede geskied – Chris sal lede hieroor voorlig.

Lede word versoek om hulle items met hulle name te merk – 'n kaartjie is voldoende. Deelnemers sal ook die geleentheid kry om kortliks te vertel hoekom hulle die spesefieke item gemaak het, prosedures wat gevolg is, hout gebruik en tipe afwerking.

Ons vertrou dat die manne wat nie verlede jaar deelgeneem het nie, en dan veral ook ons nuwe lede, vanjaar die ding gaan doen.

## Notices ~ Kennisgewings

### VOLGENDE BYEENKOMS

**28 Julie** is die datum vir ons volgende kuier en dit vind plaas by **Builders Wharehouse, Atterbury Value Mart, Atterburyweg**, Faerie Glen.

Dis natuurlik **Projek Plank-aand** en dit behoort weereens 'n baie interessante geleentheid te wees.

### TAMBOTIE STOMPE

**Johan Pieterse** , van Ellisras, het heelwat tambotie stompe te verkoop. Kontak hom by 0153-072816.

## Nuwe Lede

Ons verwelkom baie graag die volgende twee nuwe lede in ons midde

**Frans Lottering** van Morelettapark (567-1139). Frans stel belang in draaiwerk.

**Nelis Lè Hanie**(ook Fanie)(567-1139) stel belang in meubelmaak, draai– en routerwerk.

Fanie is ook die man wat router-snyers invoer en beplan om, in samewerking met Kobus de Wijn, 'n Woodrat demonstrasie aan te bied. Met die geleentheid sal hy dan ook oor die verskillende snyers gesêls en bestellings neem. Hoe groter die bestelling hoe beter die prys. Meer detail hieroor later.

Ons Adres
Posbus 50993, Wierdapark
Tel en Faks: 654-5785
E-pos: tambotie@mweb.co.za

## Just Enjoy it

Many woodworking hobbyist's tend to belittle their work. They have this perception that their items are inferior to those of other members of the clan.This attitude can have a negative influence on your work, and I therefore thought that the following extract from an article by **Rev Piers Hawkddon**, also a member of the clan, would be just the right medicine for this self-inflicted illness.

" It isn't what sort of work you do that matters so much as the attitude with which you do it. If you attack the job with frustration and annoyance, you'll find problems and create more. If you approach it with acceptance and openness, you will sail more easily through it.

There will be a more personal pay-off too. Instead of comparing your work to that of the experts and always finding it falling short, you will take more pleasure in simply being able to do it at all. With a more relaxed attitude comes a flexibility and adaptability. The result of this is that you perform even better than you anticipated.

When this happens, the whole business becomes more pleasant. A self-perpetuating cycle develops so that you accomplish more and enjoy more. Where once you were reluctant to embark on certain jobs for fear of failing, or obsessively determined to master them for the same reason, now you do them for the joy of doing them."

[Extracted from Good Woodworking, June 1999]

## Wie is Wie?

Wil die komitee dit nie weer oorweeg om die goeie ou gewoonte van naamkaartjies dra tydens byeenkomste her-in-te-stel nie?

Daar is heelwat nuwe lede in ons geledere en dit sal baie bydra om mekaar gouer te leer ken.

# Uit Toeka se Dae

As daar nou iets is wat my verbeelding aangryp en my met bewondering vul, dan is dit die handewerk van die vakmanne van weleer. Met hoofsaaklik handgereedskap, sommige daarvan self gemaak, het hulle meubels en ander houtprodukte gemaak wat my stom laat. Ek wonder nou nog hoe hulle dit kon gedoen het.

Ek verwys natuurlik nou na die meubels en verwante produkte wat hier vanaf die 15de eeu die lig gesien het.

So 'n klompie Saterdae terug het ma en haar dogter die troue van prins Edward op die kassie sit en kyk. Ek het sit en lees want dit was te koud om houtwerk te doen. En toe sê ma, "Vlooi, kyk hierdie mooi kerk".En toe kyk ek en dit is 'n mooi kerk, maar wat my onmiddelik opval, is die houtpanele teen die kantmure en die kerkbanke – sulke houtsneewerk sien 'n mens nie aldag nie en veral ook nie as 'n mens na die omvang daarvan kyk nie.

Gelukkig maak die kommentator toe die opmerking dat die houtsneewerk in die kerk in **1485** deur ene **William Barkley** gedoen is - meer as 500 jaar gelede!

Dis massiewe panele, dis ingewikkelde patrone vol draaie en krulle en dit lyk vandag nog net so mooi, indien nie mooier, as toe dit gekerf was nie.Toe wonder ek hoe lank die arme siel daaraan gewerk het en of hy dit eiehandig gedoen het en natuurlik wat sy vergoeding kon gewees het.

Hierdie manne was nog ware meesters gewees.

# Previous Meeting

We had a good turnout of 45 members at our last gathering. Apologies were made for the chairman who was away stocking his biltong larder. Okkie Swanepoel held the reins for the evening and reminded members of the coming Project Plank, scheduled for our July meeting (Kobus neem aub kennis).

Our hosts for the evening were **Dulux-Paints** represented by **Carl Buchling**., who discussed the mixing and application of wood stains. The basic IMS-stains, red, yellow and black are used to mix the colour you want. Various other matches can also be achieved by using green or blue stains.

Of interest was that Dulux, through various outlets country wide, will mix and supply paints and stains in large and small quantities – in the past their products were only supplied in large quantities.

There are two outlets in Pretoria, and members, on showing their membership cards, will receive a 15% discount on products purchased.

A lively discussion on methods of application, spray and brush, followed.

Members were then given the opportunity to experiment and mix various colours.

Many thanks to Carl and Dulux for an interesting evening.

*[Ek voel egter dat ons 'n gulde geleentheid deur ons vingers laat glip het om nie Carl se kundigheid maksimaal te benut nie.]*

Die handelaars in Pretoria is:

***Multi Paints***
***319 Voortrekker Road***
***Capital Park***
***and***



***Egoli Paints***
***C/O Lavender & Braam Pretorius Str***
***Wonder Waters***

# Klampe en Waaiers?

Almal van ons het al op een of ander tyd in probleme vasgeloop met die klamp van 'n pasgemaakte item – die hout begin gly, jy't vergeet van die klampblokkies, die klamp is te kort ens, ens.

Hierdie woordeskatverrykers kon almal uitgeskakel gewees het as die goue reel toegepas was, naamlik: doen eers 'n droeë oefenlopie.

Daar is nogal heelwat verskuilde teorie opgesluit in hierdie basiese aksie van houtwerk. In 'n interessante artikel oor die onderwerp bespreek Ian Kirby, in die Junie uitgawe van ***American Woodworker***, belangrike aspekte in die verband. Ons gaan in hierdie en 'n opvolgende artikel hierdie tegniek van nader bekyk.

Al ooit gehoor van die drukwaaier (Pressure Fan)? In sekere klamp situasies, soos wanneer twee planke kant-tot-kant gelym word om 'n breër plank te vorm, is die probleem om eenvormige drukking op die hele lengte van die laslyn te verkry. Hoeveel klampe het ons nodig? Die antwoord lê opgesluit in die wydte van die planke. Omdat drukking in 'n waaier vorm vanaf die klamp uitsprei volg dit dat hoe smaller die planke is wat gelym word, hoe meer klampe benodig word. Die skets maak dit duideliker.

Soos julle kan sien vorm die waaier 'n hoek van ongeveer 90 grade vanaf die klamp koppe. As ons nou ons verbeelding gebruik om sulke waaiers vanaf elke klamp te visualiseer, sal ons weet hoeveel klampe om te gebruik. Let op dat, om 'n eweredige drukverspreiding te verkry, die waaiers op die laslyn moet oorvleuel. Met wyer planke het jy minder klampe nodig.



# Ontwerp - Deel 2

In die vorige uitgawe het ons gekyk na funksionaliteit as een van die beginsels van ontwerp. In deel twee kyk ons vlugtig na ontwerp.

**INLEIDING**

Behalwe die funksionaliteit van 'n werkstuk is sy voorkoms vir die verbruiker die belangrikste. Meubelstukke word op verskillende plekke binne en buite die huis geberg en die voorkoms en vorm daarvan sal verskil. Iets wat vir die werkwinkel gemaak word se funksionaliteit sal miskien belangriker as sy voorkoms wees, maar in die sitkamer is voorkoms net so belangrik indien nie belangriker as funksionaliteit nie.

**Eenheid**

Die onderdele waaruit die ontwerp saamgestel is, moet in hulle verhouding met mekaar en tot die geheel esteties bevredigend wees. 'n Mooi staanhorlosie met 'n swak ontwerpte voetstuk vertoon nie goed nie.

**Eenvoud**

Die moderne neiging is om eenvoud te beklemtoon en onnodige bykomstighede uit te skakel. Dit is meer ekonomies en kan makliker met behulp van die masjien vervaardig word.[Dit sal natuurlik afhang van die meubelstuk wat vervaardig word – 'n langwerpige regop kas met 'n opening vir die uurwerke sal mynsinsiens nie 'n mooi staanhorlosie uitmaak nie – Red)

**Verhoudings**

Verhoudings is baie belangrik in meubelontwerp, want daardeur word die afmetings, vorm en algemene voorkoms bepaal. 'n Paar elemente van verhouding word kortliks behandel.

Verhoudings in meubelontwerp dui die onderlinge verhouding van een afmeting teenoor 'n ander aan.Soms lyk die buitelyne van 'n meubelstuk reg en mooi. Dan weer is daar gevalle waar dit vir die oog net nie reg lyk nie. Kyk na die figure hiernaas en besluit self watter vorm die beste sal lyk vir die bo-aansig van 'n linnekis.

Verskeie formules bestaan waarvolgens verhoudinge uitgewerk kan word waarvan die sogenaamde Griekse "Goue Reghoek" die bekendste is.

Die verhoudings van 'n meubelstuk moet so wees dat dit inpas in die ruimte of vertrek waar dit geplaas word. Indien dit 'n ligter en regop voorkoms moet he, sal afmetings wat smaller as die "Goue Reghoek" is, gebruik word.

Deur verhoudings word harmonie tussen oppervlaktes, massa, vorms, en lyne, wat vir die menslike oog mooi is, verkry. Vergelyk maar hier die wisselende hoogte van laaie in 'n laaikas.

Verhoudings word deur funksionaliteit beinvloed. Die afmetings van 'n tafel sal byvoorbeeld beinvloed word deur die aantal sitplekke waarvoor voorsiening gemaak word.

Deur verhouding word 'n sekere gevoel aan 'n meubelstuk oorgedra. Die ontwerper wil soms iets se deur 'n besondere verhouding. Individuele ontwerpers breek soms weg van tradisionele verhoudings en ontwerp iets met "uitsonderlike verhoudings". So 'n artikel kan spanning in 'n vertrek skep en sal ook gouer opgemerk word. Deur verhoudings moet ons harmonie skep wat die mens in sy leefruimte gemaklik en gelukkig sal maak.

**Styl**

Styl word deur lyne en vorms bepaal na aanleiding van ons voorkeure. Style weerspieel voorkeure en waardes van die gemeeenskap wat dit tot stand gebring het. Die Rococcostyl is byvoorbeeld bekend om die versierings wat 'n oorsprong in die natuur het.

**Afwerking**

Die soort afwerking het 'n invloed op voorkoms – vernis, olie, waks.

**Versiering**

Lyste, houtsnywerk, beslag ens, is bykomstighede waarmee die voorkoms van 'n artikel verander ka word om by 'n spesifieke omgewing aan te pas.

Volgende keer kyk ons na Materiale en Konstruksie en gee ons 'n diagramatiese voorstelling van 'n ontwerpprosedure.